

Woensdag 29 September

Skrifgedeelte: Judas:20-21	Fokusgedeelte: Judas:20
----------------------------	-------------------------

Hou aan groei in jou geloof

Rusie en stryd kan maklik ons lewens oorheers. So kan jou en my geloofslewe skade ly omdat ons te veel tyd en energie aan die teregstelling van dwaalleraars spandeer. Judas wil die gelowiges teen hierdie gevaar beskerm, daarom roep hy hulle op om voort te gaan om hulle lewe te bou op hulle allerheiligste geloof (vs 20).

Die allerheiligste geloof waarna Judas verwys, is die geloof wat deur die Heilige Gees aan die gelowiges geskenk is toe hulle die evangelie van Jesus Christus gehoor het. Dis dieselfde geloof in die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van ons hemelse Vader waaraan gelowiges deur die eeue vasgehou het. Die waarskuwing is om nie só meegesleur te word deur die teregwyding van mense wat 'n verkeerde boodskap verkondig dat jou hele geloofslewe uiteindelik net deur konflik gekenmerk word nie.

In hierdie gedeelte gee Judas vir die gelowiges drie opdragte om te verseker dat hulle sal aanhou groei in hulle eie geloof. In vers 19 het Judas gesê dat die dwaalleraars in die gemeente juis mense is wat nie deur die Heilige Gees gelei word nie. Dis daarom duidelik dat ons, as eerste opdrag, moet aanhou bid deur die krag van die Heilige Gees. Dis immers die vernuwende werk van die Heilige Gees in die gelowige wat die verskil maak tussen 'n gelowige wat aan die waarheid vashou en 'n dwaalleraar. Die tweede opdrag is om in die liefde van God te bly. Hou aan om in gehoorsaamheid aan ons Vader te leef. Derdens moet ons ons verwagting stel op die barmhartigheid van ons Here Jesus. Ons hoop is gevestig op die getrouheid en standvastigheid van ons Here Jesus Christus. Ons stel dus, selfs in tye wanneer dwaalleraars onsekerheid saai, ons verwagting in Jesus wat weer kom om ons na Hom toe te bring.

Sing: Skrifberyming 14-1:1-3

Ds. WJ Steyn (Willem) (Potchefstroom-Die Bult)